

# GR 4 - 6 NUUSBRIEF

Eerste Kwartaal | Uitgawe 8 | Datum: 4 Maart 2019

## VERLEDE SONDAG ...

Die afgelope Sondag, het ons gepraat oor hoe die mense niks van Jesus wou weet nie. Hy was geslaan, gespot en verag, soos deur die profeet Jesaja voorspel was.


Ons het gehoor van hoe 'n vreemde man, Simon van Cirene, Sy kruis vir Hom gedra het, en nie eers omdat hy wou nie, maar omdat hy gedwing was om dit te doen.

Jesus is 9 uur daardie oggend gekruisig. Hulle het verder met Hom gespot deur 'n bordjie bokant Sy kop te hang met die woorde: "Die koning van die Jode".

Daar was ook twee misdadigers saam met Jesus gekruisig. Jesus was 'n heeltemal ander soort Koning as die aardse konings, want hulle word hoog geag en Jesus was verag. Jesus het egter alles toegelaat omdat hy besig was om vir mense te wys hoe God se liefde lyk en werk.

Jesus is ons Hemelse Koning. Ons kan Hom mos nie spot of lelike grappies oor Hom maak of sy naam as vloekwoord gebruik nie. Ons kan ook nie die liefde wat Hy vir ons gewys het, weggooi nie.

Kom ons vra vir Jesus om ons te help om hierdie groot liefde wat Hy aan ons gewys het, ook aan ander mense en vir Hom te wys.



## GESELS SAAM BY DIE HUIS .....

Lees Markus 15:16-31 saam as gesin:

1. Maak 'n lysie van mense of groepe wat julle dink in hierdie wêreld deur ander mense verag word.
2. Gesels saam oor hoekom hierdie mense verag word.
3. Dink aan een mens of groep wat verag word en vir wie julle wil wys dat Jesus hulle liefhet. Hoe gaan julle dit doen?
4. Aanbid Jesus as julle Koning.

Aangesien die Kategese eerskomende Sondag sluit vir die kort vakansie, is hierdie Nuusbrieff die laaste een vir hierdie kwartaal.

Ons wens ons ouers en kinders 'n baie aangename en welverdiende rustyd toe.

Baie dankie dat julle jul kinders so getrou Kategese toe gebring het. 'n Groot dankie ook aan ons kategete vir julle bydrae.

*Ons begin weer op Sondag, 7 April.*

## KOLLEKTE

Ons herinner net weer aan ons kollekte. Onthou asb u kinders om hulle bydrae saam te bring.

**HETTIE BRITZ skryf in haar boek "Kweek kinders met karakter", die volgende:**

"\*Onthou dat jou verhouding met die Here die basis vorm van al jou verhoudings, veral van jou verhouding met jou kinders. Die Vader-Kindverhouding tussen jou en die Here vorm die uitgangspunt of verwysingsraamwerk van jou ouerskap. Dit moet gesond wees.

\*Gryp vroeg die geleentheid aan om jou kinders na die Here toe te lei. Wanneer die Heilige Gees jou kind se hart van binne vorm terwyl jy dit van buite af probeer rig, word ouerskap 'n wonderlike avontuur. Ons invloed alleen is nie groot genoeg nie. Ons het die Here se bonatuurlik invloed in ons kinders se siele ook nodig!

\*Gee eerste vir jou kinders dit wat hulle nodig het om te floreer voordat jy verwag dat hulle vir jou teruggee wat jy van hulle vra."



## AFSLUITING

Eerskomende Sondag, 10 Maart sluit ons ons werksaamhede vir die eerste kwartaal af met 'n vasvrae oor die afgelope kwartaal se werk.

